basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

2013

GRAAD 9

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VOORBEELDE

Hierdie voorbeelde bestaan uit 24 bladsye, die voorblad uitgesluit.

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGS VOORBEELDE (ANA)

1. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef **die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie**. **Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les**. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

1.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas testel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.

1.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

1.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

1.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

2. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

3. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het.

AFDELING A

VRAAG 1

Lees die volgende storie en beantwoord vraag 1 – 6.

1. Jaco het gehoor sy ma roep na hom. In plaas daarvan om haar te antwoord, het hy net dieper in die lang gras agter hulle huis, waar ek en hy weggekruip het, weggesak. Hy het toe gesê: "Tom, ek wil nie nou gaan nie." Laat my toe om te verduidelik wat vroeër gebeur het.

2. Na ontbyt het Jaco en sy ma dorp toe gegaan om geskenke vir sy sussie te koop. Dit was sy sussie, Mia se verjaarsdag. Oppad dorp toe kon Jaco homself nie langer keer nie - hy het die vraag gevra wat deur sy gedagtes gemaal het. "Ma, wat is in die groot boks wat Pa na die motorhuis geneem het? Is dit iets wat Tannie Nita vir Mia vir haar verjaarsdag gekoop het?" "Dit is 'n verrassing, Jaco, en ek wil nie hê dat jy naby die motorhuis kom nie," het Ma gesê. Jaco het net gesit en staar na die pad voor hom. Hy was nou nuuskieriger as ooit tevore!

3. Jaco se gedagtes het aanhoudend teruggedwaal na die boks in die motorhuis. Hy het in die rigting van die motorhuis begin stap. Hy het 'n vreemde geluid in die motorhuis gehoor. Jaco het die boks gesien. Hy het harde tjank geluidjies gehoor. Hy leuen toe vooroor en lig die deksel versigtig op. Daar in die boks was die oulikste, klein hondjie wat hy nog ooit gesien het! Hy het heimlik gewens dat die hondjie vir hom was.

4. Jaco het ewe tevrede en gelukkig met die hondjie begin speel en het vergeet dat hy nie veronderstel was om in die motorhuis te wees nie. Die klein hondjie het toe so vinnig as as wat hy kon uit die motorhuis in die veld in gehardloop. Jaco het uit die motorhuis gestrompel en veskrik rondgekyk vir enige teken van die hondjie. Hy het orals rondgekyk, maar die hondjie was weg!

5. Ek en Jaco het vir twee ure in die bosse weggekruip toe ons hoor dat Jaco se Ma hom roep. "Jaco! Dit is tyd vir aandete!" Net toe ons vasbeslote was om vir altyd in die lang gras te bly, hoor ons Mia se stem. "Jaco, dit is tyd vir my partytjie," het Mia opgewonde geskree. Jaco het probeer om so normaal moontlik te lyk. Jaco het Mia se hand gegryp terwyl hulle in die huis gehardloop het.

6. Toe die oomblik aanbreek dat Mia haar geskenke moes oopmaak, het hy in die groot gemakstoel gesit en gehoop dat niemand hom sou raaksien nie. "Ek's nou terug," het sy Pa gesê. Jaco het sy pa na die motorhuis sien stap. "Jaco! Kom hier!" het sy pa geroep. Jaco het stadig uit die stoel opgestaan. Dit was moeilik vir hom om te beweeg. Daar staan sy pa toe met die boks. "Jaco, ek wil hê jy moet die boks oopmaak en kyk wat daarin is." Jaco het opgekyk en gesien dat sy pa glimlag. Hy het rondgekyk en gesien dat sy ma, tannie Nita en Mia ook geglimlag het. Wat sou hy vir hulle sê as daar niks in die boks was nie? Jaco het afgekyk en verwag dat die boks leeg sou wees, maar hy

het verras teruggedeins. Die hondjie het met dromerige ogies na hom gekyk. “Sjoe!” het Jaco verward gesê. “Die hondjie is joune, Seun,” het sy pa gesê. “Ek het gedink jy sal ook van ‘n geskenk hou, al is dit nie jou verjaarsdag nie,” het tannie Nita laggend gesê. Die hondjie het opgespring, gereed om te speel. Jaco en Mia het die res van die dag met die hondjie gespeel.

7. Later, toe hy gereed gemaak het om te gaan slaap, het Jaco vir sy pa vertel wat gebeur het. ’’En ek kan nie verstaan hoe my hondjie terug in die boks gekom het nie,” het hy bygevoeg. ”Wel, Seun, op pad terug huis toe het ek jou hondjie langs die pad sien hardloop. Ek het gedink hy het op ’n manier uit die boks gekom. Jaco het na sy nuwe hondjie gekyk wat rustig in die mandjie langs sy bed gelê en slaap het. “Pa, ek dink ek sal hom Wagter noem,” het Jaco met ‘n sug van verligting gesê.

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

1.1 Waarom het die skrywer die storie geskryf?

A Om te wys dat dit belangrik is om vriendelik te wees.
B Om te wys dat nuuskierigheid jou in die moelikheid kan bring.
C Om te wys dat Jaco van partytjies hou.
D Om te wys dat verjaardsdagpartytjies lekker kan wees. (1)

1.2 Watter van die volgende sinsnedes som die doel van die storie die beste op?

Die doel van die storie is om te wys dat …

A dit belangrik is om vriendelik te wees.
B nuuskierigheid jou in die moelikheid kan bring.
C Jaco van partytjies hou.
D verjaarsdagpartytjies lekker kan wees. (1)

1.3 Wat is die doel van die storie?

A Om te wys dat dit belangrik is om vriendelik te wees.

B Om te wys dat nuuskierigheid jou in die moelikheid kan bring.

C Om te wys dat Jaco van partytjies hou.

D Om te wys dat verjaarsdagpartytjies lekker kan wees. (1)

2. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

2.1 Wie is die hoofkarakter in die storie?

A Tom

B Nita

C Mia

D Jaco (1)

2.2 Wat is die naam van die hoofkarakter in hierdie storie?

_____ (1)

2.3 Jaco was beveel om nie naby die motorhuis te kom nie, maar hy kon homself nie keer nie.

Watter woord beskryf sy optrede die beste in hierdie konteks?

A jaloers

B stout

C nuuskierig

D ongehoorsaam (1)

3. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

3.1 Jaco het gehoor sy ma roep na hom. In plaas daarvan om haar te antwoord,

het hy net dieper in die lang gras agter hulle huis weggesak.

Dit beteken Jaco was . . .

A moeg.

B bang.

C baie kwaad.

D besig met ‘n speletjie. (1)

3.2 Jaco het gehoor sy ma roep na hom. In plaas daarvan om haar te antwoord, het hy net dieper in die lang gras agter hulle huis weggesak.

Watter woord(e) beskryf Jaco die beste?

A moeg

B bang

C baie kwaad

D stout. (1)

3.3 Dink jy Jaco was bang toe sy ma hom roep?

Jy moet ‘n rede gee om jou antwoord te motiveer.

_____

_____ (2)

3.4 Jaco het gehoor sy ma roep na hom. In plaas daarvan om haar te antwoord, het hy net dieper in die lang gras agter hulle huis weggesak.

Verduidelik waarom Jaco weggekruip het.

_____

_____ (2)

3.5 Jaco het harde tjank geluidjies gehoor.

Wat het die hondjie gedoen?

A gehuil

B gespeel

C geblaf

D gekrap (1)

Omkring die letter van die korrekte antwoord.

4 Wie vertel die storie?

A Jaco

B Mia

C Nita

D Tom (1)

5 Dink jy dat Jaco verdien het om ‘n geskenk te kry, al was dit nie sy verjaarsdag nie?

Jy moet ‘n rede gee om jou antwoord te motiveer.

(2)

_____

6.1 Jaco het skelmpies na die motorhuis gegaan en met die hondjie gespeel.

Wat het daarna gebeur? Noem twee dinge wat gebeur het.

_____

_____

_____

_____ (2)

6.2 ”Wel, Seun, oppad terug huis toe het ek jou hondjie langs die pad sien hardloop.”

Wat, dink jy, kon met die hondjie gebeur het, indien sy pa hom nie langs die pad gesien het nie?

Noem twee dinge wat kon gebeur het.

_____

_____ (2)

Lees die volgende gedig en beantwoord vraag 7.

Die Hipermark

Soos miere in ‘n miernes
Skarrel hulle heen en weer;
Dis die inkopiemal skare
Wat soek na goedkoop ware.

Hier is alles onder een dak
Ry vir ry netjies uitgepak;
Kopers loop van rak tot rak
Met kredietkaart in die sak.

In elke hand ’n lang-lang lys,
Waar kry mens daardie lae prys?
Met pamflet in die hand
Soek hul van hoek tot kant.

Hul snuffel hier en snuffel daar,
party is sommer gou-gou klaar;
ander geniet die inkopies
en soek net nog winskopies

om elke hoek of draai
is trollies volgelaai;
so word die ware weggery,
maar hier sal jy hul gou weer kry.

7. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

7.1 Waarna verwys ”Hul snuffel hier en snuffel daar” in reël 13?

A Die mense wat na winskopies soek.

B Die mense wat aan alles ruik.

C Die mense wat aan alles proe.

D Die mense wat aan alles vat. (1)

7.2 Verduidelik wat met die volgende versreël bedoel word.

"Hul snuffel hier en snuffel daar," in reël 13.

_____

_____ (2)

7.3 Identifiseer die beeldspraak in "Soos miere in 'n miernes skarrel hulle heen en weer;" (reël 1–2).

A 'n Vergelyking
B Assonansie
C 'n Metafoor
D Alliterasie (1)

7.4 Watter twee dinge word in die eerste strofe met mekaar vergelyk?

_____

_____ (2)

7.5 "so word die ware weggery" in reël 19 is 'n voorbeeld van...

A alliterasie.
B assonansie.
C metafoor.
D vergelyking. (1)

7.6 Wat word die eindrym, wat in strofe 5 voorkom, genoem?

A paarrym

B gebroke rym

C omarmde rym

D kruisrym (1)

Lees die volgende uittreksel en beantwoord vraag 8-16.



200 POSTE …
DUISENDE DOEN AANSOEK!

1. Duisende mense het vanoggend, al die pad vanaf Curries Fountain sportgronde tot in John Zikhali-weg (Sydenham) in Durban, tougestaan om aansoek te doen vir 200 vakleerling-poste by die Metro Polisie.

2. Die werksoekers – die meeste van hulle in hul vroeë twintigerjare – het sambrele, komberse, CVs en jasse by hulle gehad, want hulle het vanaf Verulam, KwaMakhutha, Tongaat, Inanda, Umlazi en ander dele van die eThekwini Munisipaliteit gereis.

3. Baie het alreeds voor middernag tougestaan. Die Metro Polisie het gesukkel om die groot groep mense, wat in die strate geloop en die verkeer ontwrig het, te beheer.

4. “Ons het ‘n groot groep aansoekers verwag en om chaos te voorkom, is vir die geleentheid beplan,” het Joyce Khuzwayo woordvoerder van die Metro Polisie gesê.

5. Die aansoekprosedure het vandag begin en sal tot Vrydag duur. Persone tussen die ouderdom van 18 en 30 mag aansoek doen.

6. "Ons verwag om alle aansoeke teen die einde van die maand te prosesseer en daarna met die siftingsproses gebaseer op IK-toetse en fiksheidstoetse te begin,” het sy gesê.

7. "Die onderhoude sal dan gevoer word en die suksesvolle kandidate sal volledige opleiding ontvang om Metro Polisie-offisiere te word.”

8. Khuzwayo het gesê dat die vakleerlinge getoets sal word vir hul kennis oor die Padvervoerwet, kriminele wetgewing en prosedures. Die vakleerlingskap word aangebied om mense betyds vir die 2010 Wêreldbeker op te lei. ‘n Geveg het vanoggend uitgebreek toe sommige mense wou indruk in die ry.

9. Die eerste mense in die tou, broer en suster Simphiwe Msimango, 21, en Bongekile Ngubane, 23, het gister om 4nm. by Curries Fountain aangekom. Msimango het gesê dat hy by die Metro Polisie wil aansluit, omdat hy misdaad wil beveg. Ngubane het gesê: “Daar is ‘n toename in misdaad en niemand doen iets daaromtrent nie.” Sy het gesê hulle was sopnat, want dit het gedurende die nag gereën en hulle het nog niks sedert die vorige dag geëet nie. Nonhle Sabela, 29, van Amanzimtoti het sedert middernag in die tou gestaan. Sy het by ‘n vriend van die poste gehoor. “Ek is werkloos en het in die werk belanggestel oor die mediesefonds en pensioenfondsvoordele,” het sy gesê. Sy het gesê dat sy gevra is om ‘n vorm in te vul en dat die Metro Polisie haar vir ‘n fiksheidstoets sou skakel indien haar aansoek suksesvol sou wees.

10. Vumani Sibiya, 23, van Adams Mission, wat probeer het om die ander mense rondom hom met grappe te vermaak, het gesê hy wil ‘n polisieman wees sodat hy seker kan maak dat mense die padreëls gehoorsaam. “Ek het ‘n werk, maar ek soek iets beter,” het hy gesê. Sibiya het om 2vm. in die tou gestaan en het voorbereid met sy kombers gekom.

Hierdie artikel is oorspronklik op bladsy 1 van die *Daily News* op 9 September 2009 gepubliseer.

Deur Melissa Mungoroo

09 September 2009 om 02:12PM

8. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

8.1 Waarom het die joernalis hierdie berig geskryf?

A Hy wil die toename in misdaad verduidelik.

B Hy wil die lesers van die lang tou aansoekers vertel.

C Hy wil die mense inlig oor die vakleerlingskapwerk.

D Hy wil ‘n opinie oor die Metro Polisie lig. (1)

8.2 Watter sinsnede hieronder som die doel van die berig die beste op?

Die doel van die berig is om …

A die toename in misdaad te verduidelik.

B die lesers van die lang tou aansoekers te vertel.

C die mense in te lig oor die vakleerlingskapwerk.

D ‘n opinie oor die Metro Polisie te lig. (1)

8.3 Wat is die doel van hierdie berig?

Die doel van die berig is om …

A die toename in misdaad te verduidelik.
B die lesers van die lang tou aansoekers te vertel.
C die mense in te lig oor die vakleerlingskapwerke.
D ‘n opine oor die Metro Polisie te lig. (1)

Omkring die letter van die korrekte antwoord.

9.1 Watter groep lesers word geteiken met hierdie artikel?

A Die tieners.
B Die mense wat werk soek.
C Die Metro Polisie.
D Die verkeerskonstabels. (1)

9.2 Die berig is geskryf om … in te lig.

A die tieners
B die mense wat werk soek
C die Metro Polisie
D die verkeerskonstabels (1)

10.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat lei jy af uit die volgende sin?

“Ek het ‘n werk, maar ek soek iets beter,” het hy gesê.

A Hy het nie ‘n werk nie.
B Hy was gelukkig in sy werk.
C Hy was op soek na werk.
D Hy het ‘n beter werk gesoek. (1)

10.2 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord met 'n sin uit die berig.

Sibya het 'n beter werk gesoek.

_____

_____ (2)

10.3 Wat lei jy af van die volgende sin?

"Ek het 'n werk, maar ek soek iets beter," het hy gesê.

_____

_____ (2)

11. Hoe trek die skrywer van die koerantberig die lesers se aandag?

_____

_____ (1)

12.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Identifiseer die onderwerpsin/kernsin van paragraaf 10.

A Sibiya is van die Adams Mission.
B Sibiya het gesê hy wil 'n polisieman wees.
C Sibiya het voorbereid met sy kombers gekom.
D Sibiya het die mense rondom hom met grappe vermaak. (1)

12.2 Wat is die onderwerpsin/kernsin van paragraaf 10?

A Sibiya is van die Adams Mission.
B Sibiya het gesê hy wil 'n polisieman wees.
C Sibiya het voorbereid met sy kombers gekom.
D Sibiya het die mense rondom hom met grappe vermaak. (1)

12.3 Wat wil die skrywer in paragraaf 10 aandui?

A Hy wil aandui dat Sibiya van die Adams Mission is.

B Hy wil aandui dat Sibiya gesê het hy wil ‘n polisieman wees.

C Hy wil aandui dat Sibiya voorbereid met sy kombers gekom het.

D Hy wil aandui dat Sibiya die mense rondom hom met grappe vermaak het. (1)

12.4 Wat is die hoofgedagte van paragraaf 10?

_____

_____ (1)

13. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

13.1. Kies die gepaste beskrywing vir die woord “pensioenfonds” in die teks.

‘n Mens maak voorsiening vir die toekoms deur …

A geld te mors.

B geld te spandeer.

C geld te spaar.

D geld te leen. (1)

13.2. Wat is ‘n “pensioenfonds”?

_____ (1)

13.3 Dink jy dat dit belangrik is om ‘n pensioenfonds te hê?

Jy moet ‘n rede gee om jou antwoord te motiveer.

_____ (2)

_____

13.4 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

“Ons verwag om alle aansoeke teen die einde van die maand te prosesseer en daarna met die <u>siftingsproses te begin</u>.

Wat beteken die onderstreepte gedeelte?

A Teen die einde van die maand sal al die poste gevul wees.
B Teen die einde van die maand sal onderhoude begin.
C Teen die einde van die maand sal alle aansoekers werk hê.
D Teen die einde van die maand sal geskikte kandidate gekies word. (1)

13.5 "Ons verwag om alle aansoeke teen die einde van die maand te prosesseer en daarna met die <u>siftingsproses te begin</u>."

Wat beteken die onderstreepte gedeelte?

_____

_____ (1)

Beantwoord die volgende vraag.

13.6 'n Ry mense wat gewoonlik staan en wag vir iets, noem ons 'n _____ (1)

14.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waarom was daar 200 vakleerlingposte by die Metro Polisie in Durban, voor die 2010 Wêreldsokkerbeker, beskikbaar gemaak?

A Die Metro Polisie moes sorg dat alle jong volwassenes werk kry.
B Die Metro Polisie moes sorg dat jongmense opgelei word.
C Die Metro Polisie moes sorg vir die veiligheid van alle mense in Durban.
D Die Metro Polisie moes sorg dat poste vir werklose persone geskep word. (1)

14.2 Verduidelik waarom daar 200 vakleerlingposte by die Metro Polisie in Durban, voor die 2010 Wêreldsokkerbeker, beskikbaar gemaak was?

_____

_____ (2)

15. Wanneer sal die proses van die aanstelling van opgeleide Metro Polisie-offisiere voltooi wees? Gee ‘n goeie verduideliking vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord vraag 16.



16. Beantwoord die volgende vrae.

16.1 Watter sportsoort is, volgens die grafiek, die gewildste?

_____ (1)

16.2 Watter sportsoort is, volgens die grafiek, die tweede gewildste?

_____ (1)

16.3 _____ is die sport wat die minste gespeel word. (1)

16.4 _____ is die sport wat die meeste gespeel word. (1)

AFDELING B

17 Die volgende uittreksel bevat SES foute. Skryf die paragraaf foutloos oor. Onderstreep die foute wat jy reggemaak het.

Liewe Dagboek
Vandag was ‘n aaklige dag Dit was Johnse verjaarsdag en ma wou ek nie laat gaan nie. Jy miss nooit ‘n 13de verjaarsdagpartytjie.
Hy het ‘n viets vir sy verjaarsdag gekry. Mas moet altyd hulle kinders bederf.
Hartseer

Lindiwe

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (6)

18.1 Skryf die volgende in indirekte rede. Begin die sin soos aangedui.

“Ons het vir hierdie geleentheid beplan,” het Joyce gesê.

Joyce het gesê _____

_____ (2)

18.2 Skryf die volgende sin in die direkte rede. Begin die sin soos aangedui.
Msimago sê dat hy baie opgewonde is oor die geleentheid.

Msimago sê: _____

_____ (2)

19.1 Voltooi die sin deur die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies te gebruik.

Teen die tyd dat ons beweeg het, het ek al vir ‘n uur (wag). (1)

_____

19.2 Kies die korrekte vorm van die werkwoord.

Teen die tyd dat ons beweeg het, het ek al vir ‘n uur …

A wag.
B gewag.
C wagtende.
D verwag. (1)

20. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat moet jy doen as jy ‘n streng ma het?

A Jy moet haar gehoorsaam.
B Jy mag haar dalk te gehoorsaam.
C Jy moet vir haar gehoorsaam.
D Jy mag haar te gehoorsaam. (1)

21.1 Skryf die volgende sin in die lydende vorm. Begin die sin soos aangedui.

Hulle sal môre die aansoekvorms voltooi.

(2)

Die aansoekvorms _____

21.2 Skryf die volgende sin in die bedrywende vorm. Begin die sin soos aangedui.

200 vakleerlinge is deur die Metro Polisie aangestel.

(2)

Die Metro Polisie_____

Omkring die letter van die korrekte antwoord.

22.1 Sibiya wil ‘n polisieman wees _____ hy seker kan maak dat mense die padreëls gehoorsaam.

A terwyl
B want
C maar
D sodat (1)

22.2 Kies die korrekte sin.

A Baie mense doen aansoek alhoewel daar net 200 poste beskikbaar is.
B Baie mense doen aansoek alhoewel daar net 200 poste is beskikbaar.
C Baie mense doen aansoek alhoewel daar is net 200 poste beskikbaar.
D Baie mense doen aansoek alhoewel daar net is 200 poste beskikbaar. (1)

23 Beantwoord die volgende vrae.

23.1 Gebruik ‘n voorvoegsel by die onderstreepte woord om die teenoorgestelde betekenis te gee.
Die tweeling is <u>gelukkig</u> met hulle geskenke.
Die tweeling is _____ met hulle geskenke. (1)

23.2 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Msimango wil by die Metro Polisie aansluit, om <u>mis</u>daad te beveg.
Die betekenis van die voorvoegsel ’mis’ is….

A weer
B voor
C verkeerde
D nie (1)

23.3 Wat is die basisvorm/stam van die onderstreepte woord?

Die tweeling is <u>gelukkig</u> met hulle geskenke.

_____ (1)

24. Herskryf die sinne.

24.1 Herskryf die volgende sin in die verlede tyd.

Die joernalis toon simpatie teenoor die werklose mense.

Verlede jaar _____ (1)

24.2 Herskryf die volgende sin in die toekomende tyd.

Sy het vandag ‘n aansoekvorm voltooi. (1)

Môre _____

25 Beantwoord die volgende vrae.

25.1 Ondersteep die korrekte vorm van die werkwoord.

(1)

Die polisie (kan / kon) 200 mense in 2010 aanstel.

25.2 Benoem die onderstreepte woordsoort in die sin.

Die mense staan in die <u>warm</u> son.

_____ (1)

25.3 Benoem die onderstreepte woordsoort in die sin.

Die mense staan in die warm son. (1)

A selfstandige naamwoord

B werkwoord

C byvoeglike naamwoord

D bywoord (1)

25.4 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.
Jaco het die (slaap) hondjie opgetel. (1)

25.5 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.
Jaco het Tom se (vriend) waardeer.

_____

(1)

26.1 Gee ‘n woord met min of meer dieselfde betekenis vir die onderstreepte woord.

“Ons het ‘n groot groep aansoekers verwag en om chaos te voorkom, is vir die geleentheid beplan,” het Joyce Khuzwayo gesê.

(1)

_____

26.2 Gee ‘n antoniem vir die onderstreepte woord.

Ngubane het gesê: “daar is ‘n toename in misdaad.

_____ (1)

AFDELING C

Beantwoord die volgende vraag.

27.1 Skryf ‘n paragraaf oor jou lewe, wat in jou lewe gebeur het van geboorte af tot nou toe. Gebruik die inligting in die breinkaart hieronder.

Jou storie moet 100-150 woorde lank wees.



27.2 Skryf ‘n opstel wat met die volgende reël begin: “Ek weet jy sal dink dat ek mal is, maar dit het rêrig met my gebeur.”

Jou opstel moet 100-150 woorde wees. Verskaf ‘n gepaste titel vir jou opstel. (20)

27.3 Kyk aandagtig na die onderstaande prente. Kies EEN en gebruik dit dan as ‘n prikkel om ‘n oorspronklike, kreatiewe opstel van 100–150 woorde te skryf.

27.4.1

27.4.2

(20)

Beantwoord die volgende vraag.

28.1 **Lees die voorbeeld van die dagboekinskrywing en skryf jou eie kort dagboekinskrywing in die oop spasie hieronder.**

Voorbeeld van ’n dagboekinskrywing

Sondag, 03 Januarie 2012 Vandag was die lekkerste dag ooit saam met my Ouma! Ons het gesit en gesels en sy het my baie van die stories uit haar kinderdae vertel. Dit was ’n wonderlike tydjie en ek was bevoorreg om in haar teenwoordigheid te wees. Ek hoop ons sal altyd so ‘n goeie, liefdevolle verhouding hê en nog baie gelukkige tye saam beleef.

Wat is een van die aangenaamste of onaangenaamste herinneringe wat jy uit jou kinderdae onthou? Miskien het iets baie opwindends of iets wat baie ontsellend was gebeur?

Skryf ‘n kort dagboekinskrywing oor jou gedagtes en gevoelens wat jy ervaar het.

Jou dagboekinskrywing moet 80 – 100 woorde lank wees. (10)

28.2 Skryf ‘n kort informele brief aan jou onderwyser waarin jy verduidelik waarom jy nie jou tuiswerk gedoen het nie.

Jou brief moet 80 – 100 woorde lank wees. (10)

28.3 Jy maak gewoonlik gebruik van ‘n motor/taxi as vervoer. Skryf ‘n dialoog van 80-100 woorde wat jy en die bestuurder van die voertuig gehad het.

Verwys na die volgende besprekingspunte in jou dialoog.

- Voertuie wat nie padwaardig is nie.
- Paaie wat in ‘n swak toestand is
- Roekelose bestuurders
- Vervoer wat nie bestyds arriveer nie en ook nie betroubaar is nie. (10)

28.4 Jy het onlangs ‘n winkel besoek in ‘n groot winkelsentrum waar ‘n winkelassistent uiters ongeskik was.

Skryf ‘n brief aan die bestuurder van die winkel om te kla oor die ongeskikte winkelassistent.

Jou brief moet 80-100 woorde lank wees, uitgesluit die adres en begroeting. (10)

EINDE